GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID

PO10SIAAL

‘n Saak groter as jouself…

Inleiding

Soos julle weet is die doel van die reeks is om oor die potensiaal van elkeen van ons se lewe te praat asook die potensiaal van ons gemeente. God gee vir ons potensiaal en dikwels gee ons hierdie potensiaal weg. Ons nooi jou uit om hierdie kwartaal saam met ons op reis te gaan sodat ons die volle potensiaal van God in ons lewe kan ontdek.

Gesprek losmaker

As iemand vir jou moet vra: *"Hoe moet 'n mens die Here dien?"* wat sal jou antwoord en riglyne vir so persoon wees?

Oor Sondag se preek

Sondag het ons gesels oor die besluite wat ons in die lewe maak. Sommige besluite is belangrik en ander is minder-belangrik. Ons het die verhaal van Josua hanteer wat sy laaste opdrag van God ontvang het om aan die volk te deel. Binne die opdrag moet die volk 'n belangrike keuse maak wie hulle gaan dien. Ons moet die konteks verstaan waarin die volk hulleself bevind het deur ander gode te skep en die gode te dien. Josua roep hulle tot 'n keuse dat hulle net een God kan dien. Die volk het 'n keuse, maar die keuse vra iets van die volk...

Watter impak het keuses werklik op ons lewe?

As ons 'n keuse maak vir God – wat vra dit van ons?

Skriflesing

- Josua 24:14-27

Wat staan vir jou uit in die gedeelte?

Watter twee woorde in vers 14 word gebruik wat ons ook vir die Here moet hê? Wat beteken hierdie woorde in praktyk?

In vers 16-18 reageer die volk op Josua se opdrag baie positief, maar Josua se reaksie daarop is skokkend in vers 19-20. Hoekom dink julle het Josua so reageer?

Ons lees in die teks dat die volk afgode gedien het. Is daar afgode vandag en hoe lyk die afgode?

Lees nou verder Openbaring 3:15-18

- In hierdie teks word twee uiterse kante gegee naamlik: Koud en Warm. Die keuse lê by ons watter een ons gaan kies. Hierdie teks is baie duidelik oor mense wat lou warm is.

Wat doen 'n persoon en hoe leef 'n persoon wat lou-warm is?

_____

_____

_____

Slot

Ons kan aflei dat die Here van ons verwag om met oorgawe te leef. Vandag se tyd is dit soms moeilik om ons Christenskap uit te leef. Hoe dink julle as groep kan julle mekaar prakties inspireer om met oorgawe te leef. **Wat moet reg en wat moet weg?**

_____

_____

_____

Gebed

"Here, mag ek Paulus se woorde oor my lewe bid, vandag maak ek 'n keuse om met oorgawe te leef elke dag. Om aan U eerbied te toon en U met alle opregtheid kan dien. Ek lewe nie meer nie, maar Christus leef nou binne my" **- Amen**

NOTAS